Instagram YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# ForuM

www.forumtydskrif.co.za | Desember 2017

AfriForum Tydskrif




# DUISEND STERK

**Plaasmoorde**
Stopdiemoorde-veldtog verskerp

**Privaat vervolging**
Net span stywer om Zuma Jr.

**Magnus Heystek**
Só lyk SA ekonomie nou

**Droogtehulp**
Nóg boere word met voer gehelp

ISSN 2313-1144

9 772313 114002

R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede

**Buurtwagte brei uit**



# Jy is nou 200 000 sterk!

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum

@kalliekriel

Jy as AfriForum-lid is nou sterker! Meer as 200 000 sterk om presies te wees. Dit is natuurlik omdat AfriForum se ledetal aan die einde van Oktober 2017 die 200 000-ledekerf verbygesteek het. 200 000 van ons as AfriForum-lede wat saamstaan, kan baie meer bereik as wat elkeen van ons afsonderlik kan bereik. Saam is ons sterker! Wat die mylpaal van 200 000-lede veral indrukwekkend maak, is die feit dat AfriForum se ledetal in Januarie 2010 nog op slegs 8 000 gestaan het. Dié organisasie het dus oor die afgelope sewe jaar eksponensieel gegroei.

Dit is 'n goeie ding dat almal van ons sowel die 200 000-ledetal as al AfriForum se ander suksesse vier. In die gewelddadige land vol korrupsie waarin ons ons bevind, is dit belangrik dat ons erkenning moet gee aan die feit dat dit steeds moontlik is om suksesse te behaal en dat daar hoop vir die toekoms is indien ons hard werk om ons plan vir gemeenskapselfstandigheid stap vir stap te implementeer.

Om suksesse te kan vier, beteken natuurlik ook dat daar groot rede is vir dankbaarheid. Ek is veral dankbaar vir die groot genade wat AfriForum sedert sy stigting 11 jaar gelede van Bo ontvang het. AfriForum het baie vinniger gevorder as wat ek menslik gesproke gedink het moontlik is.

Daar moet veral dankbaarheid betuig word teenoor elkeen van AfriForum se meer as 200 000 lede. Sonder lede kan AfriForum niks doen nie. Elke sukses wat AfriForum behaal, is dus elke lid se sukses.

AfriForum se personeel en direksie verdien ook dank. Hierdie span hardwerkende, energieke en visiegedrewe mense doen meer as wat enige werkgewer van sy werknemers kan verwag.

Die feit dat die AfriForum-span hulle werk by AfriForum nie maar as net nog 'n werk sien nie, maar as 'n roeping, is deel van die organisasie se suksesresep.

Hoewel die 200 000-ledetal groot blydskap meebring, is dit belangrik om te onthou dat AfriForum se visie nie bloot is om oor 'n groot ledetal te beskik nie. Die visie is en bly om 'n toekoms te skep waarin ons en ons kinders blywend vry, veilig en voorspoedig aan die suidpunt van Afrika kan voortbestaan. 'n Groot ledetal is egter 'n belangrike middel tot die bereiking van hierdie doelwit. Hoe groter AfriForum se ledetal, hoe beter is die organisasie gerat om op 'n nuwe vlak as suksesvolle voertuig te dien om te help toesien dat ons visie bereik word.

Die 200 000-ledetal beteken ook dat AfriForum nou 'n nuwe fase betree waartydens die organisasie sy werksaamhede en veldtogte nog verder kan uitbrei. Dit is onder meer nou moontlik om adv. Gerrie Nel se span by die privaat vervolgingseenheid verder uit te brei om meer sake aan te pak. AfriForum is nou ook in staat om sy netwerk van nagenoeg 100 AfriForum-buurtwagte en ander selfdoenaksies in plaaslike gemeenskappe verder uit te brei, terwyl die organisasie se nasionale en internasionale veldtogte op 'n selfs groter skaal aangepak kan word.

Die feit dat die regering deurspek van wanadministrasie en korrupsie is, beteken dat die vestiging van sterk burgerlike instellings al noodsaakliker is om te verseker dat die regering verantwoordbaar gehou word. 200 000 lede gee aan AfriForum die nodige spierkrag om hierdie rol met groter doeltreffendheid te vervul.

Ten spyte van die suksesse en sterk groei wat AfriForum die afgelope 11 jaar behaal het, is dit belangrik dat almal van ons wat by die organisasie betrokke is, nie selfvoldaan raak nie. Ons kan trots wees op wat bereik is, maar moet baie bewus wees daarvan dat daar nog baie meer is wat gedoen moet word om ons visie te bereik. Dit wat reeds bereik is dien wel as stewige basis vanwaar ons in die toekoms vinniger nog meer moet doen. Die huidige omstandighede vereis dat ons elkeen ons roeping met 'n sin vir dringendheid moet uitleef. AfriForum sal ook nog sterker gemaak moet word.

Dankie dat elkeen van julle die pad saam gestap het tot by hierdie punt. Ek sien daarna uit om saam met julle die pad vorentoe te stap, nie net tot by die mylpaal van 250 000 lede nie, maar tot op die punt waar almal van ons 'n nóg groter bydrae gelewer het om 'n beter toekoms te skep.

"DANKIE DAT ELKEEN VAN JULLE DIE PAD SAAM GESTAP HET TOT BY HIERDIE PUNT. EK SIEN DAARNA UIT OM SAAM MET JULLE DIE PAD VORENTOE TE STAP, NIE NET TOT BY DIE MYLPAAL VAN 250 000 LEDE NIE, MAAR TOT OP DIE PUNT WAAR ALMAL VAN ONS 'N NÓG GROTER BYDRAE GELEWER HET OM 'N BETER TOEKOMS TE SKEP."